JOCHEM ADOLF MARS

7 April 1931 – 30 November 2013

Jochem Adolf Mars is op 7 April 1931 op ‘n suikerplantasie in Badangtaro, Noord-Sumatra, Indonesië gebore.

Hy was die tweede seun van Dr Gerrit Mars en Frederike Wilhelmina Kothe. As baba is hy saam met die gesin terug na Nederland.

Jochem was tydens die Tweede Wereldoorlog in ‘n Duitse kosskool in Nederland. Sy vader is teen die einde van die oorlog oorlede in Pole waar hy vir die Rooikruis gewerk het.

Aan die einde van die oorlog op 14 jaar oud verhuis hy na familie in Alkmaar. Die broers en susters is later weer met hul moeder herenig.

Nà skool het Mars in Delft as boutekenaar studeer en in Desember 1952 na Suid-Afrika verhuis. Hy het op Stellenbosh by ‘n oom, Fred Kothe, ingewoon en as dagloner by Bien Donne gewerk terwyl hyo ok aan Universiteit Kaapstad argitektuur studeer het.

In 1963 trou hy met Maria van der Merwe, ‘n dosent in dieetkunde aan Stellenbosch Universiteit.

Hul kinders Gerrit, Adriaan en Johanna, is onderskeidelik in 1965, 1967 en 1969 gebore.

Sy broers, suster en ma het hul ook later in Suid-Afrika gevestig.

As argitek was Mars bekend vir ‘n vermoë om ‘n gevoel van ruimte te skep.

Hy is op 30 November 2013 oorlede.